LAERSKOOL *Durbanville* **PRIMARY SCHOOL**

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 2/2022 24 Januarie 2022

Beste Ouers/Voogde

WAARDES 2022

Die Durbies glo in en is trots op ons skool se vyf kernwaardes, naamlik: **omgee, eerlikheid, deursettingsvermoë, verantwoordelikheid** en **respek**. Ons glo dat ‘n ware Durbie oor hierdie eienskappe beskik en daarom streef ons daarna om gereeld aandag aan die ontwikkeling van die waardes te gee. Die WKOD het ons aangemoedig om ons fokus ten opsigte van ons waardes uit te brei en daarom het ons goedgedink om op ‘n paar ander waardes ook te fokus.

Ons het aan elke maand van die jaar ‘n waarde toegeken. Tydens daardie maand gaan ons klem lê op die spesifieke waarde en dit aanspreek in die klasse, tydens saalboodskappe, JOT-periodes en maandlikse waardesbewusmakingsdag.

Daar sal ook ‘n kenteken van elke waarde op ons omsendbriewe aangebring word vir addisionele bewusmaking onder ouers en leerders. Ons sal ook ons waarde maandeliks op ons Facebookblad plaas.

Die waardes waarop ons vanjaar gaan fokus, is:

Januarie	– Vriendelikheid	**Julie**	– Dankbaarheid
Februarie	– Respek	**Augustus**	– Verantwoordelikeheid
Maart	– Lojaliteit	**September**	– Omgee
April	– Toewyding	**Oktober**	– Nederigheid
Mei	– Eerlikheid	**November**	– Integriteit
Junie	– Uithouvermoë	**Desember**	– Spanwerk

Ons wil u vra om ons in hierdie inisiatief te ondersteun en u kinders aan te moedig om daagliks hierdie waardes te beoefen sodat dit deel word van hul karakter.

Groete

K. Tucker
KOÖRDINEERDER

T. Kriel
ADJUNKHOOF

P. Du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD

#Vriendelikheid